

Vrydag 12 Mei

Skrifgedeelte: Johannes 15:1-8

Fokusgedeelte: Johannes 15:5; HK Sondag 21, Vraag 54

Lewende lede van die kerk

Die Here eis van die gelowiges om lewende lede van sy kerk te wees sodat elkeen sy roeping kan vervul en sy ondersteuning kan gee in die kerk (Ef. 4:16; vgl Op. 2:2, 3, 19).

Wanneer is ons egter lewende lede van die kerk? Christus sê: Wanneer ons soos lote aan die wingerdstok is wat vrugte dra, maar dan vrugte van geloof en die negevoudige vrug van die Heilige Gees (Gal. 5:22, 23). God se genade moet dus in ons lewens gestalte kry en in duidelik aanwysbare vrugte tot openbaring kom.

Nou is die vraag: Hoe kom 'n mens daartoe om hierdie vrugte te dra en so te toon dat jy 'n lewende lid van die kerk is? Ons Here Jesus antwoord daarop deur te sê dat ons in voortdurende gemeenskap met Hom moet lewe soos die lote met die wingerdstok. Dit is 'n bekende en baie sprekende beeld: Christus is die wingerdstok en ons die lote. Soos die lote vir hulle lewe en taak om vrugte, druiwetrosse te dra ten volle op die wingerdstok aangewese is, so is ons ten volle op Christus aangewese. Sonder Hom kan ons geen lewende lede van sy kerk wees nie en geen vrugte van geloof en bekering voortbring nie.

Aan die ander kant, soos die krag en die werking van die wingerdstok tot openbaring kom in die vrugte wat die lote dra, so moet die krag van Christus en die werking van sy Gees in ons lewens tot openbaring kom in die vrugte van die geloof en die vrug van die Heilige Gees. Dit beteken dat as ons hierdie vrugte wil voortbring, ons as lewende lede van sy kerk in voortdurende intieme gemeenskap en kommunikasie met Christus moet lewe (Joh. 15:4).

As ons so in gemeenskap met Christus lewe, dan laat Hy sy Heilige Gees ook kragtig in ons werk sodat ons steeds meer die beeld van Christus sal vertoon.

- Dit sal vir ons nie swaar wees om ons naaste wat teen ons oortree het, te vergewe nie as ons self gedurig onder die indruk is van die vergewende liefde wat Christus teenoor ons geopenbaar het.
- Dit sal vir ons nie moeilik wees om offers in die diens van God en ons naaste te bring nie, as die groot offer van Christus om ons ontwil vir ons 'n aangrypende werklikheid is.
- Dit sal vir ons nie te veel gevra wees om die minste te wees nie – al het ons die reg aan ons kant – as ons lewe uit die gelowige wete dat die heilige God wat ten volle die reg aan sy kant gehad het, tog in Christus die minste geword het en neergedaal het om ons te red.